UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD  JAAR 16 # 1 • 28–2–2008 • YEAR 16 # 1  MONTHLY STAFF NEWSLETTER

# So werk toelating tot US in 2009

Die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) sal vanjaar die eerste keer deur duisende graad 12-leerders landwyd afgelê word, maar groot onsekerheid heers oor die standaard van dié eind-eksamen en die algeheel nuwe kurrikulum. Hoewel eindeksamenuitslae internasionaal steeds een van die beter voorspellers van eerstejaar- akademiese sukses aan ’n universiteit is, bestaan daar tans geen maatstaf waaraan die nuwe NSS gemeet kan word nie.

“Met die nuwe NSS word matriekvrystelling en die onderskeid tussen vakke op hoër- of standaardgraad uitgefaseer, en kan dit beteken dat beduidend meer leerders op grond van hulle vakkombinasie (twee tale, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid en een universiteitserkende vak) om basiese toelating tot die Universiteit kan aansoek doen,” sê dr Ludolph Botha, Senior Direkteur: Akademiese Steun.

*Dit vir die Universiteit noodsaaklik om ’n eie maatstaf te hê om die betekenis en waarde van die nuwe NSS te vertolk*

Daarom is dit vir die Universiteit Stellenbosch (US) noodsaaklik om ’n eie maatstaf te hê om die betekenis en waarde van die nuwe NSS te vertolk. Tans gebruik die Universiteit die Toegangstoetsbattery (TGT-battery) om te bepaal hoe goed ’n kandidaat ten opsigte van generiese taal-, syfer- en denkvaardighede sowel as kurrikulumspesifieke vaardighede in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde/ Fisiese Wetenskappe, vir universiteitstudie voorberei is.

In 2008 sal hierdie TGT-batteryresultate in kombinasie met eindeksamenresultate in ’n 40:60-verhouding (wat saam minstens 50% moet wees) as toelatingsvereiste tot die Universiteit in werking tree. Ná intensiewe modelleringsoefeninge, is die verwagting dat dié 40:60-verhouding goeie resultate binne die nuwe stelsel behoort te lewer.

Dít word ook deur ’n US-verslag, *’n Model vir die Voorspelling van Eerstejaarsukses*, onderskryf wat bevestig dat die TGT-battery wél ’n belangrike voorspeller van eerstejaarprestasie is indien dit in kombinasie met ander veranderlikes, soos skoolpunte, studiegewoontes, goeie selfbeeld en welwees, gebruik word.

Wat nasionale ontwikkeling op hierdie gebied betref, het dr Botha die volgende te sê: “Op nasionale vlak het Higher Education South Africa (HESA) ’n ‘National Benchmark Test Project (NBT)’ van stapel gestuur om ’n nasionale toetsbattery vir ykingsdoeleindes te ontwikkel. Weens die erg beperkte aard daarvan, sal die NBT egter nie as deel van ons Universiteit se toelatingsbeleid gebruik kan word nie. Die projek is ook op die oomblik in ’n proeffase, en sal na verwagting nie voor 2010 ten volle in werking gestel kan word nie.”

Die TGT-battery word sedert 1995 aan die US gebruik, en daarom het die Universiteit reeds baie kundigheid en ervaring op die gebied opgedoen. “’n Betroubare meetinstrument soos die TGT-battery is ’n groot bate om universiteitsgereedheid mee te bepaal en om aanvanklik as maatstaf vir die beoordeling van die NSS-resultate te gebruik. Indien die geldigheid en betroubaarheid van die NSS-resultate (mettertyd) toeneem, sal die behoefte aan eie meetinstrumente natuurlik afneem.”

Volgens dr Botha is die voorspelling van universiteitsprestasie – en veral eerstejaarprestasie – wêreldwyd ’n groot uitdaging. Die rede is voor die hand liggend: Daar is eenvoudig te veel veranderlikes wat ’n rol kan speel. “Selfs onder A"Alles moontlik word gedoen om te help verseker dat die regte studente in 2009 tot ons

*(blaai na bl 4)*



By die samesprekinge oor die beveiliging van die bergpad en veiligheid op die dorp in die algemeen, was van links: superintendent Siyakudumisa Notisi, mnr Richard Bosman van die Munisipaliteit; mnr Viljoen van der Walt van USBD; die Rektor, prof Russel Botman; komissaris Dirk Mentoor, stasiekommissaris van die SAPD op Stellenbosch; superintendent Gerhard Braaf en superintendent Ronald Wilson *(Anton Jordaan, SSFD)*

# SAPD stel Rektor gerus oor bergaanvalle

Betekenisvolle vordering met die ondersoeke na die aanvalle op die bergpad. Dit is die versekering wat kommissaris Dirk Mentoor, stasiekommissaris van die SAPD op Stellenbosch, aan die Rektor, prof Russel Botman, gegee het.

By onlangse hoë vlak samesprekinge met die SAPD het kommissaris Mentoor die Rektor meegedeel dat ’n volledige stel identikits reeds saamgestel is uit die beskrywings van slagoffers van die aanvalle op die bergpad bokant Coetzenburg.


Sedert die aanvalle teen die einde van verlede jaar op die roete plaasgevind het, het die SAPD, die US Beskermingsdienste (USBD) en die Munisipaliteit verskeie aksies geloods in ’n poging om die moontike aanvaller(s) te arresteer. Deur verskerpte patrollies en koverte operasies is verskeie verdagtes gearresteer en ondervra, maar ongelukkig kon niemand nog positief met die aanvalle verbind word nie.


“Die roete strek oor ’n wye gebied en die toeganklikheid van die berg gekoppel aan die aard en moeilikheidsgraad van die berggronde bemoeilik die ondersoek aansienlik, maar alles dui daarop dat ons pogings besig is om vrugte af te werp. Ons is warm op die spoor van die verdagte en dit wil voorkom of die booswig voorlopig uit die berg verdryf is, maar ons sal uiteraard nie ons waaksaamheid verslap nie,” sê kommissaris Mentoor.


Hy het ’n beroep gedoen op alle gebruikers van die bergpad om die nodige voorsorg te tref wanneer hulle die roete gebruik. Enkeldrawwers, stappers en fietsryers is uiteraard meer op risiko as wanneer mense in georganiseerde groepe van die roete gebruik maak.

Prof Botman het sy dank en waardering teenoor die SAPD en al die ander betrokkenes betuig vir die spoed en erns waarmee die aanvalle op die bergroete hanteer is asook vir die volgehoue pogings om die aanvaller(s) te arresteer.

Intussen ondersoek die Universiteit die herlewing van die Berggronde Advieskomitee (wat etlike jare gelede ontbind het) as ’n verdere poging om ’n volhoubare oplossing te vind vir probleme soos die aanvalle op die bergpad. Die komitee het bestaan uit verteenwoordigers van die Munisipaliteit, Natuurbewaring, die SAPD, USBD en lede van die publiek wat gereeld die berggronde gebruik vir ontspanning en rekreasiedoeleindes. Mnr Viljoen van der Walt, hoof van USBD, lei die aanvanklike hervestigingsfase. Belangstellendes kan hom kontak by (021) 808- 2333.




■ Links is die identikits van die verdagtes. Speurder-sersant Mouton kan by 082 4539843 met inligting geskakel word

# Onderrig-en-leerkonferensies aan die Universiteit aangebied

**Tweede jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie vanjaar op 20 en 21 Mei 2008**

Die tweede jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie, ’n interne konferensie vir Universiteit Stellenbosch- (US-)dosente, word op 20 en 21 Mei 2008 by die Protea Hotel Stellenbosch in Technopark aangebied.

Die hoofdoel van die konferensie is om aan US-akademici die geleentheid te bied om met mekaar oor onderrig en leer aan die Universiteit in gesprek te tree, ervarings te deel, sowel as om goeie onderrig en leer te vier.

Een van die mikpunte van die konferensie is om die werk wat deur ontvangers van die Fonds vir Innovasie en Navorsing oor Leer en Onderrig (FINLO) gedoen is, met die breër US-akademiese gemeenskap te deel. Buiten hierdie aanbiedings, sal daar ook paneelbesprekings oor ’n pedagogie van hoop en transdissiplinariteit in onderrig en leer plaasvind. Prof. Roger Moni van Queensland-universiteit is die hoofspreker by die geleentheid. Twee postkonferensie-werksessies met dr. Francois Cilliers van die Sentrum vir Onderrig en Leer en dr. Karen Moni van Queensland as fasiliteerders word ook in die vooruitsig gestel. Meer inligting oor dié konferensie is beskikbaar by www.sun.ac.za/sotl

Die sluitingsdatum vir die indiening van aanbiedingsopsommings is 7 Maart. Navrae kan aan die Sentrum vir Onderrig en Leer by telefoonnommer 021 808 2813/3717 of e-posadres sotl@sun.ac.za gerig word.

**First Southern African Conference on the First-Year Experience: 8–10 September 2008**

The Southern African Conference on the First-Year Experience, a first of its kind for the southern part of the continent, will focus on encouraging dialogue within the higher education sector on how to improve first-year student success and sharing good practice, concerns and research findings that might enhance the whole student experience of an increasingly diverse body of first-year students. In addition, it aims to provide a forum for Southern Africans to interact with international experts.

The theme of the conference, ‘Opening conversations on first-year success’, will enable knowledge-sharing and debate on a number of issues, including teaching and learning, how to use technology to support student success, academic support, and integrating the ‘whole student’ experience. Read more about this exciting event at http://www.sun.ac.za/fyeconference2008, or send an e-mail to fye@sun.ac.za

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus



**NUUS**
*Greenpeace co-founder to visit SU*
4



**NUUS**
*Koor gaan internasionaal deelneem*
4



**NUUS**
*New programme leader at SciMathUS*
5



**NUUS**
*Personeel-prestasies!*
6

**KUNS**
*Kom kies en keur uit die Woordfeesprogram, woon ’n musiekkonsert by of lees net ’n goeie boek!*
7

KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



Te oordeel na my dagboek, beloof 2008 om 'n jaar vol opwinding en interessante geleenthede te wees. Teen die einde van 2007 het ons almal onsself moeg-moeg hier uitgesleep met drome van laat slaap, boek lees en langs die see lê. Dit het ek elke dag met oorgawe gedoen. Nou is dit weer volstoom vorentoe met al die projekte wat afgehandel moet word, klasvoorbereiding, nuwe stelsels wat gereed gekry moet word vir die immer veranderende akademiese omgewing, en tonne navorsing daarby.

Hierdie jaar het die eerste groep leerders wat die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)eksamen afgelê het, die universiteitstelsel betree. En alhoewel daar nog steeds groot onsekerheid oor die standaard van dié eind-eksamen en die algeheel nuwe kurrikulum heers, het die Universiteit Stellenbosch (US) reeds 'n stelsel reg om te bereken of leerders wat in 2008 aansoek gedoen het, universiteitsgereed is. Lees meer hieroor op bladsy 1.

Akademici wat op 20 en 21 Mei 2008 aan die jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie wil deelneem, word ook herinner om hulle aanbiedingsopsommings voor 7 Maart 2008 in te handig. (Blaai na bladsy 1 vir meer oor die konferensie.)

Óók op 7 Maart 2008 gesels Greenpeace se medestigter, dr Patrick Moore, by 'n spesiale Stellenbosch Forumlesing in die Konservatorium se Jannaschsaal oor 'Global warming and the search for sustainable, clean energy' (sien bladsy 3). Die lesing vind tussen 13:00 en 14:00 plaas. Teken hierdie een in jou dagboek aan – dit is immers nie aldag dat die US 'n leier met 35 jaar ondervinding in internasionale omgewingsake as gas op kampus het nie.

Ontmoet (op bladsy 3) ook die span van die Sentrum vir Hoër en Volwassene Onderwys wat ons meer oor hulle werk vertel.

Waar jy jou ook al bevind, maak seker dat jy van 3 tot 14 Maart 2008 aan die Grow Up Get Tested-veldtog vir MIV/vigs-bestryding op die hoofkampus deelneem. Hierdie veldtog word van 17 tot 20 Maart 2008 op Tygerbergkampus voortgesit. *Kampusnuus* daag ook alle personeellede uit om hulle plek op 5 Maart 2008 vol te staan en saam te stap in die March in March-optog ter bemarking van die vrywillige-berading-en-toetsing- (VCT-)veldtog. Personeellede wat wil deelneem, kan die US se portuur-opvoeders ('peer educators') teen 12:50 op die hoek van Bosman- en Victoriastraat ontmoet. Die optog begin om 13:00. Alle deelnemers word gevra om groen te dra om hulle ondersteuning te toon. (Kry al die inligting op bladsy 4.)

Die negende US Woordfees met die tema 'So is my tafel gedek' (bladsy 5 en 7) bied weer hierdie jaar iets vir elke smaak met 117 verskillende produksies tussen 3 en 9 Maart 2008. Maak seker dat jy nie hierdie viering van woorde misloop nie!

Oudergewoonte bied die Konservatorium in die loop van die jaar 'n verskeidenheid musiekkonserte aan. Hierdie jaar sal 'n groot aantal internasionale musici op Stellenbosch toesak om gehore met hulle musiek te betower. Lees op bladsy 7 meer oor al die nuwighede wat in 2008 op musiekliefhebbers wag.

Sterkte en voorspoed met al die jaar se uitdagings en geleenthede!

Lynne

# *Die waarde van 'n swak geheue*

Toe ek jare gelede as voorgraadse Sielkunde-student gehoor het dat geheue en intelligensie nie direk met mekaar verband hou nie, was ek baie verlig, want toe veral langtermyn-geheue uitgedeel is, het ek redelik agter in die ry gestaan.

Gelukkig het ek intussen geleer dat 'n swak of selektiewe geheue 'n strategiese bate kan wees as jy dit reg inspan.

So sou ek byvoorbeeld nooit met 'n goeie geheue nege jaar lank 'n Woordfees kon aanpak nie, want hierdie woordmonster verslind baie tyd en slaap. 'n Mens moet beslis struikelblokke kan vergeet, anders sien jy net nie weer kans nie – ek dink maar aan te min geld, 'n stelsel wat allermins gerat is vir 'n moderne fees, of verkeerde opvattings soos dat 'n Woordfees nie deel uitmaak van 'n universiteit se kernbedrywighede nie.

Vier jaar gelede het die WOW- (Woorde Open Wêrelde-)projek vir leesbevordering, waarmee jaarliks sowat 10 000 leerders bereik word, boonop bygekom. En hoewel ons toegewyde projekbestuurder, Fiona van Kerwel, wondere verrig, verg elke nuwe projek baie saamdink – en natuurlik finansieringsvoorleggings.

Hiermee dus 'n kort handleiding ter gerusstelling van almal met 'n slegte geheue, maar ook vir dié wat dit sien as 'n teken van onnoselheid – soms tereg!

Eerstens bly die lewe nuut en vars, asof jy alles telkens vir die eerste keer beleef. Elke suksesvolle Woordfees gee nuwe plesier. Elke keer as feesgangers van heinde en ver kom (jaarliks van Antwerpen, Pretoria, Port Elizabeth, Grahamstad, Oudtshoorn en meer), omdat 'n groeiende getal mense dit 'n unieke fees vind, voel jy dit werk. Die fees slaag in haar verskuilde doelstelling om van letterkunde lekkerkunde te maak; van skrywers sterre, en van lees – die grondslag vir alle leer – 'n plesier.

Kom jy agter die bywoningsyfer van ander feeste is 35%–45%, teen-oor die Woordfees se 65%, en 2004 se ongelooflike 84%, en dat dié literêre fees se ongeveer 30 000 fees-gangers selfs internasionaal die oë laat rek, glo jy opnuut in die wonder van die woord en aan die vernuwing wat skrywers en kunstenaars bring. Elke WOW-leerder wat sê 'Nou het ek weer hoop', laat jou alle gesukkel vergeet.

Met 'n swak geheue leer jy nooit jou les nie – jy probeer dus telkens weer en vergeet die meeste moeilik-heid (helaas nie alles nie!).

Dit help baie as jy sommige van die fyner besonderhede kan vergeet deur dit in die bekwame hande te laat van mense soos Woordfeesorgani-seerder Magdel Meyer en projek-bestuurder Eduard Rosenstrauch. Dan raak jy nie verstrik in – en verskrik deur – al die duisende dinge wat verkeerd kan loop met die 117 items op 2008 se feesprogram nie.

Laastens is 'n swak geheue onmisbaar vir vriendskap. Jou geheue moet só sleg wees dat jy glad nie kan onthou dat jy ooit kwaad was vir 'n skrywer, kunste-naar of kollega nie!

Slegs as almal welkom is – en welkom blý – is dit 'n ware fees. Aan AL ons kollegas en studente dus die uitnodiging: Kom skop jou skoene uit en sluit aan by ons ge-sellige en omvattende feestafel wat ons spesiaal vanjaar vir jou dek!

Raadpleeg die program by www.woordfees.co.za, en bespreek by Computicket. Vir navrae, skakel met die Woordfeeskantoor by tele-foonnommer 021 808 3513 of e-posadres fees@sun.ac.za.

*Prof Dorothea van Zyl*
*Feesdirekteur*
*Woordfees 2008*

Kampusnuus *wil graag 'n platform skep vir ge-sprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooi-plein *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus-*redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

**E-POS AAN LYNNR@SUN.AC.ZA**

BRIEWE



## Is rassekategorieë nodig?

Die afgelope tyd duik ras en velkleur gereeld in gesprekke op. Ook hier by die Universiteit wil dit voorkom of ons ons blind staar (was dit maar kleurblind!) teen rasseklassi-fikasie. Een van die eerste goed wat mense vra as 'n nuwe personeellid aangestel word, is of hy/sy wit, bruin of swart is. Daar is ook natuurlik vele gesprekke oor hoeveel swart studente vir 'n spesifieke kursus inskryf.

Kan dit wees dat ons by die Universiteit Stellenbosch (US) rassebehep geword het?

Ek is oortuig dat dit op lang termyn nie heilsaam is vir ons as Universiteit nie, maar is voorts seker dat dit fisies al hoe moeiliker gaan word om persone volgens ras te klassi-fiseer.

Wat heilsaamheid betref, dink ek ons gaan toenemend mense se menswaardigheid aantas as velkleur die allesoor-heersende kriterium bly – en dít geld vir albei kante. As 'n swart of bruin persoon aangestel word, ontstaan daar soms die gedagte dat daar 'eintlik beter wit kandidate was, maar dat ons ter wille van *getalle* die bruin of swart persoon *moes* kies – jy was dus tweede of derde beste'. Wie wil met só 'n bordjie om sy/haar nek loop? As 'n wit persoon aangestel word, sê mense soms hy/sy kan sy/haar sterre dank, want 'wit mense kry nie meer aanstellings nie'. Dit skep weer 'n gevoel van minderwaardigheid of tweede-rangse burgerskap.

Oor hoe moontlik dit in die toekoms gaan wees om men-se volgens ras te klassifiseer, kan 'n mens seker nog net be-spiegel, maar ek wil tóg 'n paar interessante sieninge uitlig – al is dit net om 'akademiese redes'. Ek is bewus daarvan dat die Universiteit verplig is om studente na hulle 'etnisiteit' te vra, maar op lang termyn gaan ons ons in hierdie verband toenemend in 'n maalgat van verwarring bevind.

Die gewraakte Ontugwet is al in 1986 afgeskaf.

Ek pleit dat ons ras as kriterium al hoe meer sal begin uitskuif, en vermoë, potensiaal en ingesteldheid by ons gesprekke sal begin insluit. Ja, kom ons werk hard om swart en bruin studente te werf, maar kom ons onthou dat daar 'n toenemende getal wit studente is wat uit 'agter-geblewe' toestande kom. Kom ons werk hard om ons be-staande, swart, bruin, Indiër én wit studente so op te lei dat ons én die wêreld daar buite toekomstige werknemers uit 'n kundige maar kleurblinde groep gegradueerdes sal kan kies.

*Rasvry*

## Parkering, verkeer, en veels geluk...

Wat is besig om met die verkeer in en om Stellenbosch en op kampus te gebeur? In die verlede was ek telkens dank-baar om ná 'n besoek aan Johannesburg na die rustige stra-te van Stellenbosch te kon terugkeer, maar deesdae voel dit asof ek deur al die motors op kampus verswelg word. Al-mal is haastig, almal jaag in straatjies wat vir 'n eeu gelede se verkeer ontwerp is, en ALMAL soek parkeerplek. Die eens rustige Victoriastraat het in 'n resiesbaan ontaard ten spyte van die spoedwalle, waarteen vierwielvoertuie skyn-baar bestand is.

Parkeerplek is 'n luukse, en as Universiteitspersoneellid is ek ewig dankbaar om voor my kantoor in 'n afgesperde gebied te kan parkeer. Die geheim is egter om nooit deur die dag jou motor te gebruik nie (wat ek ongelukkig uit die aard van my werk móét doen), want besoekers en aflewe-ringsvoertuie (én studente) word ook gedurende die dag toegelaat om in die afgesperde gebiede te parkeer. By jou terugkeer is die sypaadjie (en 'n parkeerboete) jou voor-land. Hoe word dit gereguleer, en waar kom almal wat in die afgesperde gebiede parkeer vandaan? Gebruik perso-neel se kinders miskien hulle ouers se parkeerbewyse?

Hierdie onmoontlike situasie bring my by 'n kompli-ment vir die Afdeling Kommunikasie en Skakeling, wat vanjaar inisiatief aan die dag gelê het om die parkeer-plekke voor Adminblok A, B en C, die ou Hoofgebou en die HB Thom-teater vir ouers van nuwelingstudente uit te hou. Toe ek aanvanklik van die reëling te hore kom, was ek erg ontsteld omdat ek my parkeerplek sou moes prysgee en met 'n bussie kampus toe moes ry. Toe ek egter later in die dag sien hoe ordelik dit op kampus verloop, (ouers ry ook nie moedeloos en al soekend na 'n parkeerplek rond nie), het ek besef dit was 'n wonderlike reëling wat die lewe vir almal makliker gemaak het. Veels geluk - hierdie reëling en puik organisasie om dit te laat slaag, het my steun vir die toekoms!

*Anoniem*

Briewe kan gerig word aan die Redakteur: *Kampusnuus*, per e-pos aan lynnr@sun.ac.za, of met die binnepos aan Kamer B1223, Admin B-gebou, of per faks aan (021) 808-3800. Hoewel briewe op versoek anoniem of met skuilname geplaas kan word, moet skrywers se name en kontakbesonderhede asseblief by die brief ingesluit word. Briewe moet duidelik KAMPUSNUUS BRIEWEBLAD gemerk word. Die beste brief wen 'n prys.

# Promoting professional development and research in higher education



Here are some of the staff members at the Centre for Higher and Adult Education. From the left are Ms Diana Kruger, secretary at the Centre, Dr Ruth Albertyn, a researcher, Prof Eli Bitzer, Director of the Centre and Dr Liezel Frick, a lecturer and researcher *(Hennie Rudman, SSFD)*

"Every academic staff member on this campus should be involved in some or other form of research in the field of higher education in order to better understand the contexts in which they are working and to enhance their own scholarship." These are the words of Prof Eli Bitzer, Director of the Centre for Higher and Adult Education based in the Faculty of Education at Stellenbosch University (SU). Following the Centre's recent international conference on action research and poverty reduction, *Kampusnuus* decided to approach the Centre's staff for a better understanding of the importance of conducting research in higher and adult education.

With Prof Bitzer are Dr Liezl Frick and Dr Ruth Albertyn, both researchers at the Centre. While the Centre mainly focuses on research in higher and adult education, it also provides training, development and consultation services to institutions and organisations across South Africa, says Prof Bitzer. The Centre offers an MPhil in Higher Education as well as in Lifelong Learning – both stepping stones towards a PhD.

The Centre focuses on higher and further education as social phenomena, as well as the promotion of quality through the study of various aspects related to teaching and learning, assessment, professional development, diversity, leadership and scholarship.

It attracts a number of international scholars and researchers, who contribute to global perspectives and assist in the continuous development and quality enhancement of Centre programmes.

The Centre hosts a number of international conferences on higher education topics, and specifically aims to give effect to SU's Vision 2012 of expanding the University's footprint on the African continent. One such event in November 2007 focused on change management for poverty reduction through action learning and action research.

About 21 participants from Kenya, Tanzania, Uganda and South Africa attended the event. "The skills that the participants obtained will help them to design, conduct and evaluate in a practical way a project that makes a significant difference and contribution to the change and development of an organisation or a country in terms of poverty reduction and improved practice in the participants' professions, especially in health sciences and education," says Dr Albertyn.

Dr Frick reiterates that the Centre is open to all lecturers on campus who want to improve their professional standing as facilitators and assessors of learning, want to become involved in research and community interaction and, at the same time, want to learn more about the field of higher education by challenging their own assumptions and practices. The Centre aims to build a community of practice where various departments or units can for instance work in transdisciplinary teams. She adds: "In the field of higher and adult education, SU provides an excellent 'laboratory' for research and development work. This is an opportunity that cannot be missed and a culture that needs to be cultivated to the advantage of SU and its aim of becoming a leading research institution."

The Centre has close collaborations with various departments and support services across campus and enjoys wide participation in its programmes by role players such as Vice-Rector: Teaching and Learning, Prof Magda Fourie, staff from the Centre for Teaching and Learning and from several departments such as Accounting, Chemistry, Haematology and Visual Arts. In 2007 the Centre received a planning grant from the Ford Foundation for a project on leadership development in the Further Education and Training (FET) sector in co-operation with the University of Texas. This project is currently emerging as a major research and development proposal to the Ford Foundation for future research and capacity building.

# Important lessons learned during Rector's overseas trip



Prof Russel Botman

Donors invest in universities where trust is established and quality is evident while solid long term relationships and a visionary institutional strategic plan are essential for the success of capital development campaigns. These are some of the conclusions reached by the Rector, Prof Russel Botman, and the team that accompanied him on a visit to some of the United Kingdom's top universities engaged in capital development campaigns.

During the visit Prof Botman also led discussions with alumni and donors in London to introduce Stellenbosch University's Integrated Strategic Plan and to obtain their views and input. The Plan, to be fleshed out at the Institutional Planning Forum at the end of February, is an ambitious, overarching initiative which will drive and support long-term, sustainable change at the University. The initiative is aimed at establishing SU as a centre of hope in Africa with enhanced excellence, greater diversity and deeper relevance locally and globally.

"We recognise that the necessary shift will not be achieved by conducting 'business as usual' or achieving incremental improvement," said Prof Botman. "It will also not happen within the existing budgetary resources. It will be essential to raise more funds from donors whose choices to give are based on their trust in the quality of the university and its programmes."

"It has to be driven by clear-eyed aspirations of the academic community."

Prof Botman said that it was invaluable to talk to the Vice-Chancellors of Cambridge (Prof Alison Richard), Oxford (Prof John Hood) and Bristol (Prof Eric Thomas) and their development directors to gain first hand insight into their roles in capital campaigns. The Vice-Chancellors agreed that the role of the leadership of a university in establishing long-term institutional relationships with donors and potential donors was crucial to success. They indicated their willingness to share further insights and experiences in future.

"These Vice-Chancellors spend up to 50 to 60% of their time meeting alumni, friends and donors of their institutions – and it's paying off. Their campaigns, each for at least £1 billion over six to eight years are bearing fruit."

Prof Botman said that one of the key lessons learnt was that campaigns are not about money. They resource change, build institutional brands and capacity and platforms for future investment.

"A well-run successful campaign holds benefits for the entire university. Apart from expanding the resource and donor base, it enhances the image of the institution, strengthens morale and builds lasting capacity for the future," he said.

Prof Botman was accompanied by Prof Tobie de Coning, who bears overall responsibility for the University's ISP; Ms Annamia van den Heever, Director of the Stellenbosch Foundation and Ms Adrienne Hall, Manager: International Development at the Foundation. The visit was arranged and partly funded by the Foundation.

# US se nuwe toelatingsvereistes


(van bl 1)

Universiteit toegelaat word, en verder help stelsels soos die Tredhousisteem ons om te bepaal watter faktore die belangrikste rol in akademiese sukses speel," sê dr Botha. -kandidate kry 'n mens gevalle waar studente om verskeie redes akademies geheel en al nie die mas opkom nie. Onthou, die mens in sy geheel is hier ter sprake, en juis daarom speel sogenaamde nie-akademiese veranderlikes by sommige studente selfs 'n belangriker rol in uiteindelike prestasie as akademiese veranderlikes," sê hy.

In daardie verband, sê dr Botha, is die werk van die Tredhousisteem in Akademiese Steun van onskatbare waarde deurdat die profiele van eerstejaarstudente bepaal word en die Universiteit sodoende 'n greep op die akademiese en nie-akademiese veranderlikes kan kry. Op hierdie wyse kan daar meer stelselmatig voorkomend opgetree en ontwikkelingswerk gedoen word om te help verseker dat elke student die beste moontlike kans op sukses kan hê.

"Alles moontlik word gedoen om te help verseker dat die regte studente in 2009 tot ons Universiteit toegelaat word, en verder help stelsels soos die Tredhousisteem ons om te bepaal

# Staaltjies oor die wêreld van bosbou nou verewig



Prof Brian Bredenkamp *"Met 'n biertjie in die hand"*

Die voormalige Saasveld-bosboukollege, deesdae die Saasveld-kampus van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, het pas 75 jaar oud geword. As deel van dié feesvieringe, het prof Brian Bredenkamp van die Departement Bos- en Houtkunde wat in die laat-sestigerjare 'n student by Saasveld was, 'n bundel staaltjies uit die bosboubedryf die lig laat sien. Prof Bredenkamp beskryf homself as 'n draadsitter wat taal betref, en kon gevolglik nie besluit of die boek in Afrikaans of Engels moes verskyn nie. Die vanselfsprekende oplossing was om die bundel gelyktydig in albei tale uit te gee. Hy hou ook vol dat hy nie eintlik die skrywer van die boeke is nie, maar bloot die samesteller. Die staaltjies strek oor 'n tydperk van twee dekades se bosboukuiers om die braaivleisvuur, vandaar die titels *Met 'n biertjie in die hand*

Onder die aanbieders van die gesamentlike veiligheidswerksessie van die Fakulteit Natuurwetenskappe en AgriWetenskappe was Louise van der Merwe (Genetika), Piet van Deventer (US Risiko- en Beskermingsdienste), Jeanette Cilliers (Mikrobiologie), dr Gunnar Sigge (Voedselwetenskappe) en Donald Baatjies (US Risiko- en Beskermingsdienste)

(Engela Duvenage)



# Plagiaat, brandbestryding bespreek

Kwessies soos plagiaat, die stoor van inligting op rekenaars, die storting van giftige stowwe, brandbestryding en basiese veiligheid in die laboratorium is by 'n gesamentlike veiligheidswerksessie van die Fakulteit Natuurwetenskappe en AgriWetenskappe bekyk.

Die dag lange werksessie is deur nagraadse studente en tegniese beamptes van die onderskeie fakulteite bygewoon.

Benewens die leersame praatjies wat deur personeel van die Universiteit Stellenbosch (US) aangebied is, is pryse ook aan deelnemers uitgeloof. Tara van Heerden van die Instituut vir Wynbiotegnologie was die gelukkige wenner van 'n Ipod wat deur LASEC geborg is. 'n Uitstalling van noodtoerusting, persoonlike veiligheidstoerusting en afvalverwyderingstoerusting kon ook besigtig word.

# Grow Up and Get Tested

'Grow Up, Get Tested' is the catch phrase for Stellenbosch University's annual campaign to promote voluntary HIV counselling and testing for all members of the University community. The campaign runs from Monday 3 March to Friday 14 March 2008 on Stellenbosch main campus, and continues on the Tygerberg Medical Campus from Monday 17 March to Thursday 20 March 2008.

The annual campaign is an initiative of the Stellenbosch University (SU) HIV Programme, a division of the Africa Centre for HIV/AIDS Management, and is run by a team of voluntary peer educators, who spend countless hours promoting and managing the campaign from start to finish. This year's campaign has the specific goal of promoting voluntary counselling and testing (VCT) among *all* members of the University, including staff and students.

Mr Jaco Brink, Prevention Portfolio Manager for the HIV Programme, insists that it is of the utmost importance that all role players work together to achieve the University's comprehensive institutional Vision of no new infections on campus by 2012. "The HIV Programme is responsible for coordinating and overseeing the implementation of the University's Vision 2012. This Vision has been committed to by management, institutional units and faculties on campus," says Brink.

The HIV Programme's peer educators have rallied the support of top management and other integral role players to give the necessary impetus to this year's campaign. These include the Rector, Prof Russel Botman and the Student Representative Council. They will all attend the '*March in March*' event that aims at bringing all the SU stakeholders together to march on campus in order to raise awareness about the campaign.

As with other tertiary institutions, no statistics exist for HIV prevalence at SU. "We do however know that the HIV prevalence rate in Greater Stellenbosch was around 17% in 2007. Hence, HIV and its associated stigma adversely impact directly on all of us at the University and in our town," says Brink. "Very simply: What *you* do, will have a profound impact on those close to you. Knowing your own status is the first step you can take in making your contribution to realising SU's Vision for HIV on campus. Also, going for the test may just be the one thing that inspires to reach out for that vital knowledge, support or treatment."

Ms Monica Du Toit, the HIV Programme Manager, believes the campaign has the desired effect at the University. "We have seen huge changes in attitudes towards testing, and a steady annual increase in HIV VC," says Ms du Toit.




A number of staff members, including the Rector, Prof Russel Botman, participated in the HIV/Aids awareness march of the Grow Up, Get Tested campaign last year. *(Anton Jordaan, SSFD)*

On Wednesday 5 March 2008 the 'Grow Up, Get Tested' campaign will hold its 'March in March' to promote the VCT campaign. All members of the community are invited to join the peer educators on the corner of Bosman and Victoria Streets at 12:50 for 13:00. Wear green to show your support. For more information on testing and testing sites, please visit http://www.sun.ac.za/fact/growup

– MATTHEW DEKENAH



Greenpeace co-founder, Dr Patrick Moore, will be visiting South Africa to present a series of lectures on "Global Warming and the Search for Sustainable, Clean Energy"

# Greenpeace co-founder to visit Stellenbosch

Dr Patrick Moore, a world-renowned ecologist, environmentalist and co-founder of the international environmental activist group, Greenpeace, will visit Stellenbosch University (SU) as part of a weeklong visit to South Africa to present a series of insightful public lectures on 'Global Warming and the Search for Sustainable, Clean Energy'.

Dr Moore, once an ardent opponent of and activist against nuclear energy, will discuss the impact of global warming and present his views on the challenges and the respective roles that nuclear power, renewable sources and energy efficiency can play in producing a cleaner electricity supply and ensuring a sustainable energy future.

Dr Moore is to visit South Africa at the invitation of the Nuclear Industry Association of South Africa (NIASA) in association with the Universities of Witwatersrand, Pretoria, North-West, Western Cape and Stellenbosch as well as the MTN Science Centre in Cape Town.

As a leader in the international environmental field for more than 35 years, he served a total of nine years as Director of Greenpeace International. The leader of many campaigns, Dr Moore was also a driving force shaping policy and direction while Greenpeace became the world's largest environmental activist organisation.

Currently he serves as Chair and Chief Scientist of Greenspirit Strategies Ltd., advising industry, environmental and social agencies and governments around the world about sustainable and environmentally safe, alternative energy supplies.

Staff and students are invited to hear Dr Moore speak on 'Searching for a Sustainable Energy Future' at 13:00 in the Jannasch Hall at the Konservatorium in Victoria Street on Friday 7 March 2008.

Asked to introduce the topic, Dr Moore said that nuclear energy is the only non-greenhouse-gas-emitting power source that can effectively replace fossil fuels and satisfy global energy demand. "Yet it is clear that much of the environmental movement – including Greenpeace – has lost its way, caught up in politically correct ideology and stooping to sensationalism to garner support. There is now a great deal of scientific evidence showing nuclear power to be an environmentally sound and safe choice."

For more information, contact Ms Martie van der Linde on telephone number 021 808 4896, or send an e-mail to mvdl@sun.ac.za

# Kultuurorganisasie en Rektor maak internasionale koordeelname moontlik

'n Skenking van R200 000 van die Het Jan Marais Nationale Fonds (HJMNF), die HB Thom-kultuurfonds en die Rektor se Reserwefonds het 85 koorlede van die Stellenbosch Universiteitskoor (US-koor) se droom laat waar word om in Julie aan die Wêreldkoorspele in Graz, Oostenryk deel te neem. Dit is die grootste internasionale koorkompetisie en word deur Musica Mundi georganiseer.



Danksy 'n skenking van R200 000 sal al 85 lede van die US Koor die Wêreldkoorspele in Graz, Oostenryk, in Julie bywoon. Hier is die koor, begelei deur die koordirigent, mnr André van der Merwe, tydens 'n optrede in die Konservatorium

Volgens mnr André van der Merwe, koordirigent, is daar vanjaar 2 450 inskrywings van oor die hele wêreld ontvang, waaruit 350 kore vir deelname gekeur is. "Musica Mundi het onlangs 'n wêreldranglys vrygestel waarin hulle volgens 'n puntelys die top-1 000 internasionale kore sedert 1985 tot nou aandui. Die US-koor is nommer agt op dié lys. Op die lys vir die top-50 internasionale jeugkore is ons nommer twee," spog hy.

Wat die HJMNF se donasie uniek maak, is dat die finansiering van hierdie projek buite dié organisasie se finansieringsmaatstawwe val. Die HJMNF het 'n bedrag van R50 000 aan die US-koor geskenk; die Rektor, prof Russel Botman, het 'n bedrag van R100 000 beskikbaar gestel, terwyl die Kultuurfonds 'n bedrag van R50 000 bygedra het.

Volgens mnr Gareth Cornelissen, Koördineerder: Korporatiewe Fondsinsameling, stap die US en die HJMNF reeds 'n lang pad saam. In 2007 is 'n totale bedrag van R1 798 000 van die HJMNF ontvang. Hierdie geld is vir verskeie beurse, die Sasolkunsmuseum, die Danie Cravenbeursfonds, SciMathUS, Buvton, Gemeenskapsinteraksie (spesifiek die Lückhoff Skool-projek); Maties Gemeenskapsdiens, die Botaniese Tuin, die Woordfees, STIAS, die Internasionale Kamermusiekfees, die Sangsimposium van die Departement Musiek en die US-koor aangewend.

Tot op hede het die HJMNF 'n totale bedrag van R12 985 719 aan die US geskenk. In 2004 het dié organisasie die Visekanselierstoekenning (Goud) ontvang. "Hierdie toekenning is die hoogste eerbewys wat 'n donateur kán ontvang, en word toegeken aan donateurs wat altesaam meer as R5 miljoen aan die US skenk," sê mnr Cornelissen.

Me Lydia Meier, US-koorbestuurder, sê kompetisies soos die Wêreldspele sal die koor die geleentheid gee om die standaard van hulle onderrig met ander internasionale kore te vergelyk. "Die koor moes gekeur word om aan drie kategorieë – Gemengde Kore; Musica Sacra en *Gospel & Spiritual* – deel te neem. Dit op sigself is al klaar 'n groot prestasie vir die US-koor."

Die laaste kompetisie waaraan die koor deelgeneem het, was in 2004, sê me Meier, en dit was vir baie van die studente moeilik om die R16 000 in te samel wat elke koorlid se verblyf en vliegtuigkaartjies moes dek.

"Hierdie studente werk baie hard en daar is so 'n wonderlike gees tussen hulle dat jy nie sommer iemand wil uitlaat wat nie die oorsese besoek kan bekostig nie. Daar is baie studente in die koor wat behoeftig is, en al hierdie donasies help baie."

Volgens mnr Van der Merwe voel die studente trots dat hulle harde werk en toewyding raakgesien en deur die skenkings beloon word.

"Hierdie skenkings gee aan die koor die unieke geleentheid om as ambassadeurs van die US en Suid-Afrika op 'n wêreldverhoog te gaan meeding. Sodoende kan die koorlede en -leier hulleself uitdaag om hulle eie standaarde te lig, en word hulle terselfdertyd aan internasionale tendense en idees blootgestel wat weer in die Suid-Afrikaanse gemeenskap teruggeploeg kan word," sê hy.

"Die optrede in Graz gaan ook wonderlike blootstelling vir die US wees, want die koor gaan gereeld op Europese televisie en in die media verskyn. Ons koor is byvoorbeeld genooi om as een van vyf kore by 'n galakonsert in Graz op te tree.
Ons is ook gevra om by die openingseremonie te sing."

Die Stellenbosse Universiteitskoor is in 1936 gestig en is die oudste en mees gevierde koor in Suid-Afrika. Die koor is natuurlik ook een van die oudste kampusaktiwiteite van die US. "Sedert sy totstandkoming het die koor verskeie bekende sangers en koorleiers opgelewer. Vandag nog word hierdie trotse US-tradisie met oorgawe en passie voortgesit. Daar is vanjaar byvoorbeeld verskeie studente in die koor wie se ouers ook koorlede was," verduidelik mnr Van der Merwe.

"Studente met 'n uitsonderlike sangtalent kry die geleentheid om hulle sangtalent binne 'n raamwerk van dissipline en op 'n gesofistikeerde manier te ontwikkel. Die koor voldoen derhalwe aan die behoefte van studente om hulle sangtalent uit te leef, al studeer hulle nie noodwendig musiek nie. Ons het selfs 'n paar mediese studente wat twee keer per week vanaf die Tygerberg-kampus ry om repetisies by te woon. As 'n akademiese instrument, probeer die koor ook om internasionale tendense in sy repertoriumkeuses en konserte te weerspieël. Konserte word gereeld in die Endlersaal en ook by funksies van die US aangebied."

# Sielkunde se diensleerprojek by Babin integreer teorie en praktyk

Vir die afgelope 12 jaar trek nagraadse Sielkunde-studente aan die Universiteit voordeel uit 'n volhoubare projek tussen die Departement Sielkunde en Babin Preprimêre Kleuterskool en Dagsorg. Deur middel van die samewerking kry hierdie studente die geleentheid om die teorie en praktyk van Kindersielkunde te integreer. *Kampusnuus* het met DR HELENE LOXTON, dosent in Ontwikkelingsielkunde en Kindersielkunde, oor die projek gesels.



Me Lisa Bensch (middel) en haar gidshond, Pam, besoek Babin as deel van haar Kindersielkunde-honneurswerkstukopdrag. By hulle is dr Helene Loxton (links), 'n dosent in Kindersielkunde, en een van die kinders, Darren Simmers, van Babin

"Oor die afgelope 12 jaar het nagraadse studente die geleentheid gekry om die teorie en praktyk van Kindersielkunde te integreer deur middel van blootstelling aan normale kindergedrag sowel as dienslewering op hierdie terrein. Die noue skakeling en uitstekende samewerking is tot voordeel van sowel die skool- as die universiteitsgemeenskap," verduidelik sy.

Die meestersgraadstudente in die Kliniese Sielkunde- en Gemeenskapsvoorligtingprogram doen jaarliks, onder toesig van dr Loxton as deel van 'n diensleerprojek, individuele assessering van preprimêre kinders se ontwikkelingsvlakke, waarna terugvoering aan die ouers en, in die beste belang van die kinders se ontwikkeling, ook aan die skool gegee word. Hierdie projek, gerig op die identifisering en ontwikkeling van jong kinders se potensiaal, word vanjaar vir die twaalfde keer aangebied. Gereelde monitering en terugvoering van alle rolspelers, naamlik die Babinpersoneel, ouers en kinders, sowel as die studente, word weer in die Sielkundekurrikulum opgeneem. "Hierdie projek, waartydens studente teorie en praktyk kan integreer en terselfdertyd diens lewer, maak dit 'n aangename en verrykende leerervaring waarby almal baat vind," sê dr Loxton.

"Deurdat daar voortdurende wisselwerking in die uitruiling van teoretiese en praktiese kennis tussen die universiteitsgemeenskap en die Babinskoolgemeenskap is, word voorsiening gemaak dat die kurrikulum tred hou met en toepaslik bly op die realiteit. Die Babinprojek bied ook inspirerende geleenthede vir die integrasie van diensleer en navorsing. Benewens verskeie meestersgraadtesisse, is daar ook in 2006 'n artikel in 'n geakkrediteerde internasionale sielkunde-tydskrif gepubliseer," sê sy.

Behalwe die diensleerinsette van die meestersgraadstudente, kry honneursgraadstudente wat die Kindersielkunde-module doen jaarliks die geleentheid om as deel van 'n werkstukprojek elk met 'n kleuter 'n individuele kindervriendelike onderhoud van ongeveer 75 minute te voer oor spesifieke onderwerpe soos hulle spelvoorkeure, vriendskappe en televisieblootstelling. "Ons dra sorg dat die beste belange van kinders te alle tye voorkeur geniet, en ons waarborg vertroulikheid," sê dr Loxton.

Volgens me Michi Hugo, Oorhoofse Koördineerder van Babin, asook me Deidré Esterhuisen, Skoolhoof, maak die jaarlikse betrokkenheid van die Sielkunde-honneurs- en -meestersgraadstudente 'n groot impak op die kinders, personeel en ook ouers.

"Die wisselwerking tussen diens en leer het by Babin 'n optimale positiewe vlak bereik met die meestersgraadstudente se insette – en alle betrokke partye vind baat by die projek. Dit is veral interessant dat die ouers van graad R-leerders dit as 'n absolute voorreg beskou om persoonlike en deeglike terugvoering oor hulle kinders se ontwikkelingsvlakke te ontvang," verduidelik me Hugo.

"Die inligting, wat beskrywend en nie diagnosties van aard is nie, help hulle om nie net aandag aan hulle kind se leemtes te gee nie, maar ook om die kind se vaardighede te waardeer en daarop trots te voel. Oor die jare het baie ouers laat blyk dat hierdie assesserings en deeglike ouerterugvoering baie daartoe bygedra het dat hulle hul eie kind beter kon verstaan, en ook meer ingeligte keuses ten opsigte van die kind se toekoms kon maak," voeg me Esterhuisen by.

# FAS-studie op Wellington bekendgestel

## *US-navorsers fokus die soeklig op 'n Wes-Kaapse gesondheidskrisis*



Veldwerkers en fasiliteerders van die FAS-voorkomingstudie kan uitgeken word aan die FAS-studielogo op hul T-hemde

Vooraanstaande navorsers uit Amerika en van die Universiteit Stellenbosch (US), asook verteenwoordigers van gemeenskaps- en welsynsorganisasies en die sakesektor, interkerklike leiers, skoolhoofde en opvoeders het onlangs die amptelike bekendstelling van 'n nuwe studie, wat op die voorkoming van Fetale Alkoholsindroom (FAS) gerig is, bygewoon.

Hierdie studie word deur die National Institutes of Health (NIH) van die VSA gefinansier en as samewerkingsprojek deur die Universiteit van Nieu-Mexiko in die VSA en die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad en die Mediese Navorsingsraad (MNR) binne die Wellingtongemeenskap uitgevoer.

Onder die gaste wat die geleentheid bygewoon het, was die hoofnavorser van die projek, prof Phil May van die Universiteit van Nieu-Mexiko, en vooraanstaande Amerikaanse dismorfoloë drs Gene Hoyme, Nat Khaole, Luther Robinson, Melony Manning en Ken Jones. Jones was die eerste navorser om FAS te beskryf.

Die Visedekaan: Navorsing van die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe, prof Jimmy Volmink, en prof Soraya Seedat van die US se Departement Psigiatrie en medehoofnavorser in die FAS-voorkomingstudie, was onder die verteenwoordigers van die Universiteit.

In hul toesprake het die verskillende navorsers 'n oorsig gegee van die omvang van FAS in Wes-Kaapse gemeenskappe, en die oorweldigende sosio-ekonomiese implikasies van hierdie gesondheidskrisis vir die gemeenskappe. FAS word veroorsaak deur oormatige alkoholgebruik tydens swangerskap, en is wêreldwyd een van die hoofoorsake van voorkombare verstandelike agterstande by babas.

Navorsing waarby prof May vroeër in die Wes-Kaap betrokke was, het getoon dat die hoogste FAS-syfers ter wêreld in die hoërisiko-bevolkings in die Wes-Kaap voorkom, met 45 tot 88 per 1 000 kinders wat daardeur geraak word.

Prof Charles Parry van die MNR en medehoofnavorser van die FAS-voorkomingstudie het die gehoor geskok met die nuutste statistieke oor alkoholmisbruik in Suid-Afrika.

Hy het gesê dat Suid-Afrika in die kategorie van lande met die ergste drinkpatroon ter wêreld val. "Dit beteken dat baie mense drink tot hulle heeltemal besope is, dat alkohol dikwels buite maaltye gebruik word en dat dit deel is van die meeste gemeenskapsgeselligehede, ook begrafnisse. Tussen 'n kwart en 'n vyfde van drinkers in Suid-Afrika se alkoholinname oor naweke bereik gevaarlike en skadelike vlakke," het prof Parry verduidelik.

"Een uit elke sewe Suid-Afrikaners het op een of ander tydstip in hul leeftyd alkohol misbruik en voldoen aan psigiatriese kriteria vir alkoholmisbruik en -afhanklikheid. Naas onveilige seks en interpersoonlike geweld is alkohol die derde grootste risikofaktor vir sterftes en gestremdheid in Suid-Afrika."

Hierdie drinkpatrone het oor die jare tot die hoë voorkoms van FAS in Suid-Afrikaanse gemeenskappe aanleiding gegee. Die sprekers het daarop gewys dat FAS 100% voorkombaar en 100% onomkeerbaar is en dat elkeen in Suid-Afrika 'n rol en verantwoordelikheid het om ander oor die gevare van alkohol tydens swangerskap in te lig.

Volgens Parry is die hoofdoelwitte van die voorkomingstudie eerstens die fokus op ingryping wat verder as beskrywende studies strek; tweedens op die landelike gemeenskappe wat soms in die ingrypingsproses verwaarloos word; en derdens op die bou van vennootskappe met die plaaslike skole, gesagsfigure, regeringsdepartemente en akademiese fasiliteite wat 'n volhoubare impak kan maak.

Prof Seedat het verwys na die suksesvolle FAS-voorkomingsprojekte in 'n Amerikaans-Indiaanse gemeenskap in die VSA.

"Navorsing toon dat hierdie program 'n groot aansporing is vir vroue om hul gewoontes te verander en dat dit ongetwyfeld doeltreffend in Suid-Afrikaanse gemeenskappe kan wees," sê Seedat.

Wellington is as die gasheerdorp vir die studie geïdentifiseer met die hulp van mnr Herman Bailey, wat burgemeester was toe die eerste FAS-studies in 1997 daar gedoen is.

# *US het nuwe Ombudsman*




Prof Bernard Lategan (foto), voormalige Direkteur: Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) op Mostertsdrift, is aangestel as die nuwe Ombudsman van die Universiteit. Prof Lategan neem vanaf 1 Augustus by me Letitia Snyman oor.

Die Universiteit het 'n aantal jare gelede besluit om gebruik te maak van 'n ombudsman. Die bedoeling was om 'n kanaal te skep waarlangs gepaste aandag gegee kan word aan probleme en klagtes van die kant van studente, ouers of personeel wat nie bevredigend deur die bestaande Universiteitstrukture hanteer is nie of "waarvoor hierdie strukture om watter rede ook al ontoereikend is blykens genoegsame motivering soos voorgelê deur die klaer of klaers". Die Ombudsman tree heeltemal onafhanklik op en is nie op die diensstaat vvan die Universiteit nie.

Volgens prof Lategan moet alle persone wat klagtes aanhangig wil maak eers die normale kanale van die Universiteit volg. As daar nie 'n bevredigende oplossing op hierdie wyse gevind kan word nie, mag hulle die Ombudsman vir hulp nader. "'n Ombudsman is daar om 'n "onafhanklike oor" te bied en as gerusstelling te dien dat daar 'n onpartydige persoon buite die instelling is waarheen enigeen vir hulp kan kom."

Prof Lategan sê dat die Ombudsman aan sekere prosedures gebonde is soos uiteengesit op die webblad van die Universiteit. Hy beklemtoon dat alle sake wat met hom bespreek word, streng vertroulik gehanteer sal word. Hy mag ook nie die identiteit van klaers sonder hulle toestemming bekend maak nie, tensy die verdere hantering van die saak dit vereis. Dit ook sy verantwoordelikheid om persone wat nie die normale kanale ten volle benut het nie, na die Universiteitstrukture terug te verwys.

Die Ombudsman maak ook geen finale beslissings nie, maar rapporteer sy bevindinge as aanbevelings direk aan die Rektor, Prof Russel Botman.



# Prof Fanie Cloete lê die tuig neer


Prof Fanie Cloete

Prof Fanie Cloete (58) het op 31 Januarie die tuig as Professor in Openbare Beleidsanalise, sowel as Direkteur van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning aan die Universiteit Stellenbosch (US) neergelê. Hy was ook Mededekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Sy voltydse akademiese loopbaan strek oor 22 jaar aan drie Suid-Afrikaanse universiteite, terwyl hy ook vir kort tydperke as besoekende professor aan twee oorsese universiteite verbonde was.

Hy beskik oor uitgebreide beroepservaring in die openbare sektor en het ook wyd oorsee gereis en studeer. Hy het onder andere 'n LLB-graad aan die Randse Afrikaanse Universiteit sowel as 'n D Phil-graad in Staatsleer aan die US verwerf. Voor sy akademiese aanstelling by die US, was hy Senior Navorser by die Sentrum vir Beleidstudies in Johannesburg, en die Hoof van die Departement Ontwikkelingstudies aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

Prof Cloete is 'n gegradeerde navorser van die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Hy het reeds meer as 100 akademiese bydraes oor vraagstukke soos sosiale verandering, beleidstudies, politieke, bestuurs- en institusionele ontwikkeling in die openbare sektor, die aanwending van nuwe tegnologieë in bestuursprosesse, grondhervorming, onderhandeling en konflikbestuur gepubliseer. Hierdie publikasies sluit boeke in soos *Local Government Transformation in South Africa* , *At Full Speed the Tiger Cubs Stumbled* en *Strategic Management Support Technologies in the Public Sector*. Hy is ook die mederedakteur en -skrywer van *Policy Options for a new South Africa*, *Dynamics of Negotiation in South Africa*, *Policies for Public Sector Transformation in South Africa*, *New Technologies in Public Administration* en *Improving Public Policy: From Theory to Practice*.

Hy werk tans aan 'n NNS-ondersteunde navorsingsprojek oor die ontwikkeling van toepaslike beleidsaanwysers vir die meting van openbare beleidsprogramme, en konsentreer deesdae op die bevordering van beleidsprogram-evaluering in die openbare sektor.

Sy professionele loopbaan sluit voorts 17 jaar voltydse diens in vier verskillende staatsdepartemente in. Hy was onder meer Hoofdirekteur: Staatkundige Beplanning en later Regsadministrateur in die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning in Pretoria. Prof Cloete het vroeër ook soortgelyke beplanningsposte in die Kantoor van die Eerste Minister beklee. In hierdie hoedanigheid was hy nou betrokke by beleidsontleding en -beplanning, die opstel van wetgewing, onderhandeling oor politieke verandering in Suid-Afrika, sowel as verskeie personeelopleidingsprogramme.

Prof Cloete was die stigter en Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) se standaardiseringsliggaam vir Openbare Administrasie en Bestuur (1999–2004); Voorsitter van die Wes-Kaapse Munisipale Afbakeningsraad (1994–1996), Ondervoorsitter van die US se Institusionele Forum (2000–2001) en lid van die Presidensiële Hersieningskommissie oor die transformasie van die Suid-Afrikaanse staatsdiens (1996–1998). Hy dien steeds as Voorsitter van die Stellenbosse trust vir die ontwikkeling van vroeëkindonderrig (SEED).

Prof Cloete beklee sedert 1 Februarie 2008 'n pos as Professor in Openbare Regeerkunde aan die Universiteit van Johannesburg. Hy bly egter betrokke by akademiese en navorsingsaktiweite aan die Stellenbosse Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning, en kan gekontak word by e-posadres gsc@sun.ac.za

# Staff members reach great hights

**Llewellyn MacMaster Maties se nuwe studentedekaan**

Mnr Llewellyn MacMaster, 'n dosent in Pastorale Teologie aan die Universiteit Stellenbosch (US) , is onlangs as Studentedekaan aangestel. Mnr MacMaster het in 1985 'n BTh en in 1987 'n HonsBTh aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) verwerf. In 2001 ontvang hy 'n MTh (Kliniese Pastoraat) aan die US, en is deesdae steeds Matie terwyl hy sy DTh (Praktiese Teologie) aan die US voltooi.

In sy loopbaan was hy onder meer 'n onderwyser, predikant en ook Viserektor en Direkteur: Studentesake aan Hugenote Kollege in Wellington.

Mnr MacMaster sê hy was ekstaties toe hy die nuus ontvang het. "Dit was nog altyd vir my lekker om met jong mense te werk; dit het ek gou besef in my tyd in die bediening. Ek was destyds ook studenteleraar by die UWK en daarna dosent en Viserektor: Studentesake by Hugenote Kollege – dit is seker maar, soos hulle sê, 'in my bloed'. Om met jong mense te werk, gee my hope energie."

Mnr MacMaster beklee vanaf 1 Januarie 2008 amptelik sy nuwe pos.

**Dr Brenda Leibowitz re-elected as chairperson of HELTASA**

At the annual conference of the Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa (HELTASA) held at the Central University of Technology in Bloemfontein last year, Dr Brenda Leibowitz was re-elected as Chairperson of the Association for a second two-year term. "I know this is a lot of work in addition to my other tasks, but I believe it is very important to support networking and capacity-building in the area of higher education educational development in Southern Africa."

The successful conference was attended by 350 delegates from Southern Africa, Malawi, Nigeria and the United Kingdom. Stellenbosch University was well represented, with four papers presented by members of the Centre for Teaching and Learning (CTL), one from the Language Centre, one from the Tracking System, and two from the Department of Economics. Liezl Nieuwoudt presented a paper on the Early Warning System, and received many suggestions from participants about how to manage the assessment next year. "There was excellent participation by the delegates who attended the session. Their feedback will be helpful in preparing the paper for publication," said Ms Niewoudt.

A joint paper presented by members of the CTL and the Departments of English, Psychology and Sociology featured the Improving Large First-Year Classes project. The paper was called 'Support for Change in Large First-Year Classes – Towards a Model'. "This is an exciting realisation of one of the primary aims of the Large First-Year Classes project, which is to develop collaborative partnerships between CTL members and lecturers," Dr Leibowitz said.

**Ernst van Dyk gekies as paralimpiese ambassadeur vir die IPK**

Die bekende Matie-rolstoelatleet en wêreldrekordhouer in die rolstoelmarathon, Ernst van Dyk, is deur die Internasionale Paralimpiese Komitee (IPK) gekies om hom by die nuut gestigte Paralimpiese Ambassadeursprogram aan te sluit.

Die doel van die program is om 'n lys van top-paralimpiese atlete van die verlede én hede op te stel. Hierdie atlete sal as ambassadeurs dien van die Paralimpiese Beweging, en as rolmodelle vir jongmense wat met én sonder gestremdhede leef. Hulle sal ook bewustheid van en kommunikasie oor die Paralimpiese Beweging verbeter en die Beweging se openbare beeld sodoende versterk.

Buiten Van Dyk, is tien ander paralimpiese atlete van oor die wêreld heen as ambassadeurs aangestel. Hulle is die Duitse atlete, Verena Bentele, Kirsten Bruhn en Michael Teuber; Hou Bin van China; die Amerikaanse atlete, Cheri Blauwet, Muffy Davis en Chris Waddell; Tanni Grey-Thompson van Groot-Brittanje; Esther Vergeer van Nederland, en Henry Wanyoike van Kenia.

Van Dyk is 'n sesmalige wenner van die Boston-marathon vir rolstoelatlete. Hy het ook die prestigeryke Laureustoekenning vir Wêreldsportman van die Jaar met 'n Gestremdheid verwerf.

Van Dyk werk tans as ambassadeur en skakelbeampte by die Universiteit Stellenbosch se sportprestasie-instituut (SUSPI).


Mnr Llewellyn MacMaster


Dr Brenda Leibowitz


Mnr Ernst van Dyk

# Educational development programme for new lecturers in great demand

The Professional Educational Development Programme for Academics (PRONTAK/PREDAC) for 2008 was presented to a group of 56 newly appointed lecturers at the Waterval Conference and Team Building venue near Tulbagh from 21 to 24 January 2008 and again from 28 to 31 January 2008. The participants completed Module 1 of the PRONTAK/PREDAC short course.

The same module will again be presented in July to accommodate the more than 100 newly appointed academics who were nominated to participate in the programme.

The January participants represented nine of the ten faculties at Stellenbosch University (SU), and their teaching experience ranged from 17 years to none at all. "Although the week's programme was very full and tiring, the participants also had time to relax and network with colleagues from different departments," said Ms Nicoline Herman, PRONTAK/PREDAC Coordinator. "The informal drumming session led by Blessing was also one of the highlights in both weeks."

The rest of the year's PRONTAK/PREDAC programme offers modules consisting of class visits upon invitation, participation in workshops and discussions, as well as a mini-conference towards the end of the year. In addition, participants can choose to compile a portfolio of their work and participate in a mentoring programme.

Feedback received after Module 1 indicated that most of the participants found the course to be a valuable and meaningful experience. "I was expecting to be annoyed this week by a lot of airy-fairy stuff, but you gave me hard facts and practical advice. I am really feeling empowered and inspired," wrote one of the lecturers.

In October, departmental chairs will again have the opportunity to nominate participants for 2009.

Should you have any questions or require more information, please contact the Centre for Teaching and Learning on telephone number 021 808 3717/2813 or e-mail address sol@sun.ac.za

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

**TE KOOP / FOR SALE**

**Computer for sale:** Packard Bell Intel Pentium 4 Processor 4.2 GHz. 256 Ram. Price: R3 500 neg. Contact Marietjie Merifield at 082 443 1571 or 021 686 7254

**D/huis – Kuilsrivier (Amandelrug):** Mod 2 slpk, 1 vol bdk, oopplan mod komb/leefarea, motorhuis & onderdak parkering, "rock pool" met fontein, o/dak braai-area, alarm, diefwering, boorgat, hoekerf, stil singel, 1 km vanaf winkelsentrum en 20 km vanaf Stb. Privaat verkoop R730 000. Kontak Mariana by mpv@sun.ac.za of 072 229 0534

**Planet Fitness:** Durbanville lidmaatskap beskikbaar – 30 maande @ R120 per maand. Onmiddelik beskikbaar. Kontak 083 630 9645

**Soccer table for sale:** Semi-pro; 1220 x 610; very sturdy; as new; Pine veneer finish; excellent condition; R599. Contact 073 421 4010

**Te koop:** Sybokhaar artikels, Autodek stereostel, banke, stoele ens. Skakel 021 887 5919 of 021 886 6572

**SAAMRYKLUBS / LIFT CLUBS**

**Southern Suburbs - Stellenbosch**: Lift urgently needed Mon to Thurs from Southern Suburbs to Stellenbosch. Please contact L Rademeyer at 021 887 3113 (office hours), on 021-797 9649 after hours or email lr2@sun.ac.za. Will make a contribution towards petrol expenses

**Eerste River - Stellenbosch:** Lift club available. Looking for more members to join, preferably 1 with own car. Working hours are from 08h00 – 16h30, Mondays to Thursdays. 08h00 – 15h30 on Fridays. If interested please contact Yolanda Johnson on 083 896 4456 / 021 808 4530 or email yjohnson@sun.ac.za

**Bergvliet/Plumstead – Stellenbosch:** Third person needed to join existing daily lift club. Preferably with own vehicle to share driving. Please contact Mégan Burgoyne at meganb@sun.ac.za or 021 808 3717

**TE HUUR / TO LET**

**Stellenbosch campus:** Furnished 3-bedroom house for visiting academics Available from June onwards. To view or for more info contact Ms de Kock on 082 439 8808




*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Donderdag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die voorafgaande Donderdag. Advertensies: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Thursday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the preceding Thursday. Advertisements: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 or chenry@sun.ac.za

# Kollig op internasionale musici in Konservatorium-konsertreeks

In 2008 bied die Stellenbosse Konservatorium oudergewoonte 'n reeks konserte aan met iets vir elkeen – van die puris tot die leek. Vanjaar word konserte van 'n drasties hoër gehalte verwag aangesien verskeie internasionale musici op Stellenbosch sal toesak.

Die jaar se konserte is met 'n populêre reeks afgeskop toe DNA Strings in Januarie in die Endler-foyer opgetree het. Koos Kombuis sal die tweede gas in dié reeks wees wanneer hy Stellenbosch-gehore op 26 Julie 2008 in die Endler-saal vermaak. Kaartjiepryse vir die Kombuis-vertoning wissel tussen R60 en R80.

Die kamermusiekreeks het op 16 Februarie 2008 met 'n Baroque Blast-konsert begin waarin dosente én studente van die Konservatorium gehore op barokmusiek met skop getrakteer het. Dit word tussen 4 en 13 Julie 2008 met die aanbieding van die Internasionale Kamermusiekfees opgevolg wat musici van oor die wêreld heen lok om meestersklasse en konserte van 'n uiters hoë gehalte aan te bied. Liefhebbers van elektroniese kunsmusiek word ook nie afgeskeep nie – die Internasional Festival of Extreme Listening van 14 tot 15 Maart 2008 pas so reg in hulle kraal. Op 22 Augustus 2008 lewer die KEMUS-ensemble boonop 'n uitvoering van elektroniese musiek van Karlheinz Stockhausen. Kaartjiepryse wissel weereens tussen R60 en R80.

Drie konserte wat die kollig steel en deel uitmaak van die prestigereeks, is dié van die Amici-strykkwartet op 26 Februarie 2008; die gevierde Suid-Afrikaanse pianis, Anton Nel, op 24 Mei 2008, en die bekroonde internasionale tjellis, Heidi Litschauer, onder begeleiding van Nina Schumann op 27 September 2008. Kaartjies kos hetsy R70 of R90.

Die orkesreeks waarin die Universiteit Stellenbosch se simfonie-orkes optree, begin reeds op 8 Maart 2008 met die plaaslike tjellis, Anmari van der Westhuizen, as solis. Op 18 en 19 April 2008 voer Canticum Novum, die studentekerkkoor, werke van Handel en Vivaldi saam met die simfonie-orkes uit. Die pianis, Nina Schumann, sluit haar op 23 Augustus 2008 by die orkes aan, terwyl die internasionaal beroemde mezzo-sopraan, Michelle Breedt, op 4 Oktober 2008 onder simfonie-orkesbegeleiding werke van Mozart en Rimsky-Korsakov sal uitvoer.



Michael Duffett, 'n 16-jarige violis wat onder prof Jack de Wet studeer, sal op 6 Maart by die Fismersaal optree

Die Stellenbosse simfoniese blaasorkes bied twee konserte aan: een op 14 April 2008 saam met die Phoenix Big Band en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagorkes, en die tweede op 20 September 2008 saam met die Tygerberg-stadskoor. Kaartjiepryse wissel tussen R70 en R90.

Die koorreeks skop op 17 Mei 2008 af met 'n konsert deur die Universiteitskoor onder leiding van André van der Merwe. Op 18 Oktober 2008 kry diegene wat hulle eerste vertoning misloop (én die wat dit weer wil beleef) nog 'n kans om dié koor in aksie te sien. Die Konservatorium se akademiese-opleidingskoor, Schola Cantorum, bied op 2 Augustus 2008 'n konsert aan met werke van Grieg, Janacek, Mantyjarvi en Britten. Kaartjies kos hetsy R60 of R80.

Die klavierreeks bestaan uit vier konserte met van die wêreld se beste pianiste. Dit skop af met die Stellenbosch Internasionale Klaviersimposium tussen 8 en 12 April 2008, en word opgevolg met konserte deur drie van Suid-Afrika se voorste pianiste: Francois du Toit op 19 Julie 2008, Luis Magalhaes op 13 September 2008, en Nina Schumann op 25 Oktober 2008. Kaartjiepryse wissel tussen R60 en R80.

Kaartjies is by Computicket of voor die konserte in die Konservatorium-foyer beskikbaar. Vir besprekings en navrae, bel 021 808 2335 of stuur 'n e-pos na music@sun.ac.za. Vir verdere inligting, hou gerus die konsertskedules op die internet dop by www.sun.ac.za/music

KONSERVATORIUM

6 MARCH, 13:00, FISMER HALL
MICHAEL DUFFETT
Various works:
Mozart – *Second Movement Concerto in G minor*
Sarasate – *Spanish Dance*
Mendelssohn – *First Movement Concerto in E minor*
Klatzow – *First Movement Solo Concerto*
Saint-Saens – *Third Movement Concerto in B minor*
Sarasate – *Introduction and Tarantelle*

8 MARCH, 20:00, ENDLER HALL
STELLENBOSCH UNIVERSITY SYMPHONY ORCHESTRA (USSO)
Conducted by Dr Corvin Matei, with soloist, Anmari van der Westhuizen (cello)
Dvorak's *Cello Concerto* and Rimsky-Korsakov's *Sheherezade*
For bookings, phone 021 808 2335 or visit www.sun.ac.za/music

14–15 March
INTERNATIONAL FESTIVAL OF EXTREME LISTENING
NewMusicSA is proud to present its second Unyazi festival, *Fear of the Known*, a festival of 'extreme listening' curated by James Webb, co-produced by Pro Helvetia Cape Town and the Swiss Agency for Development and Cooperation, and supported by: The Goethe Institute
Institut Français d'Afrique du Sud
The Embassy of France in South Africa
The Danish Arts Council
The Embassy of the Kingdom of the Netherlands
The National Arts Council
UNISA, SAMRO, The International Library of African Music
Nederlands Fonds voor Podiumkunsten, Gaudeamus
The festival will be hosted at the University of Cape Town on 12 March 2008, at Stellenbosch University on 14 and 15 March, and at the University of the Witwatersrand on 16 March.
For further details, please visit http://www.newmusicsa.org.za/unyazi2008.html or send an e-mail to jameswebb@mweb.co.za.


Alle besprekings by:
US Konservatorium
Neethlingstraat
Tel.: (021) 808 2345
Kantoorure: 08:00 – 16:30
Elektroniese besprekings:
music@sun.ac.za
Volledige konsertskedule:
www.sun.ac.za/music

## BOEKE / BOOKS

### MAKING AND SHARING THE SPACE AMONG WOMEN AND MEN

Maria Ericson

The aim of this book is to explore how contemporary notions of reconciliation as a process of building, rebuilding and transforming relationships in the pursuit of a "just peace", or God's shalom, may be applied not only to "race" but also to gender relations in post-apartheid and post-TRC South Africa. After highlighting links between the past, the present and the future with regard to such relations in wider South African society, critical questions are asked about the churches as spaces and agents of a gender-inclusive shalom.





The focus is on two crucial issues: the potential of South African churches to be "safe spaces" for abused women and children, and their potential to be spaces for women and men to encounter each other in non-stereotypical roles. This critical examination is inspired by interviews with, and writings by, South African women active in various church environments and/or in the field of theology and religious studies. What lessons and challenges do they present with regard to "being a church in South Africa today"?

### HIV/AIDS, POVERTY AND PASTORAL CARE AND COUNSELLING

Vhumani Magezi

Statistical data confirms that sub-Saharan Africa is a very poor region with the highest HIV/AIDS prevalence in the world. The region has poor and limited health facilities and resources (personnel and financial). Such a scenario is conducive to the increase of the HIV/AIDS pandemic.




HIV/AIDS and poverty are intricately linked. Responding effectively to the situation requires a relevant, applicable and holistic model. This publication carefully describes the HIV/AIDS pandemic and how it is understood in some African contexts, which hampers prevention initiatives.

### OP WEG NA 'N MENSWAARDIGE SAMELEWING

**'n Teologies-etiese ondersoek na die korrelasie tussen 'n handves van menseregte en morele verantwoordelikheid**

Donald Jaftha Katts

Hierdie boek bied 'n uiters belangrike bydrae tot die gesprek oor die betekenis van die Christelike geloof vir die openbare lewe, spesifiek vir die saak van menswaardigheid en menseregte. 'n Deeglike ontleding word gedoen van die potensiaal en leemtes van handveste van menseregte, soos gesien in verskillende wêrelddele. 'n Baie goeie teologiese rasionaal word voorsien vir die betrokkenheid van Christene by menseregte-inisiatiewe.




Die outeur maak uiteindelik konstruktiewe voorstelle vir die bou van 'n menswaardige samelewing. Benewens die aanvaarding van 'n handves van menseregte, is dit ook belangrik dat, onder andere, 'n etiek van verantwoordelikheid ontwikkel word, teorieë ontwikkel word wat die implementering van veral sosio-ekonomiese regte bevorder, burgers van publieke deug en karakter gevorm word, en vennootskappe gevorm word tussen kerke en instansies in die politiek, ekonomie, burgerlike samelewing en die terrein van publieke meningsvorming. Hierdie boek van 'n belangrike kerkleier sal besinning binne en buite kerke oor die uiters belangrike saak van menswaardigheid en menseregte stimuleer en verryk.


– Prof Nico Koopman

### RABADIA RATŠHATŠHA

**Studies in African language, literature, linguistics, translation and lexicography**

M J Mojalefa (Ed.)

After forty years in academia, PS Groenwald leaves a rich heritage, which is measured not only in terms of his impressive list of publications, but also in terms of those for whom he was an academic mentor. His versatility as academic is reflected in the variety of specialist fields in which his former students find themselves: experts in literature and linguistics, lexicographers and translators all found their niches under his tutelage.




In appreciation for the enormous contribution that he made towards their careers and academic schooling, former students and colleagues have decided to honour him with this festschrift.

These titles are available from African SUN MeDIA Pty (Ltd.) www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za
africansunmedia@sun.ac.za (021) 808 2401 (021) 808 2626
These titles are available from: AFRICAN SUN MeDIA

# Glen dra weer SA kroon agter die stuur



Glen de Jongh van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap met die berig wat tien jaar gelede in *Kampusnuus* verskyn het toe hy die eerste keer as Suid-Afrikaanse sportmotorkampioen gekroon is *(Engela Duvenage)*

Tien jaar gelede het *Kampusnuus* oor Glen de Jongh se prestasies as Suid-Afrikaanse sportmotorkampioen berig, en nou het hy dit weer reggekry.

Glen, reeds 23 jaar lank betrokke by en deesdae Hoof Tegniese Beampte van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap, is onlangs ná die derde been van die nasionale ovaalbaankampioenskappe op Worcester tot wenner in die Midget-klas gekroon.

Die afgelope dekade was hy pal onder die beste drie jaers in die land, en kon hy uiteindelik in 2007 weer die topposisie syne maak – en heel gemaklik daarby.

Glen het in Johannesburg met motorwedrenne grootgeword waar sy gesin elke tweede Vrydag vir die reuk van olie en remme na die Wembley-bane koers gekies het.

In die 1980's begin hy in die Paarl as lid van die Boland-pypkarklub jaag. Die pypkarklas het mettertyd die Midget-klas geword.

Sy eerste renmotor was 'n Ford 1600 Kent, waarvan die enjin nog agter in die bakwerk gesit het. Deesdae word sy voertuig se ingevoerde versterkte raam van 'chromoly' (chroom-molibdeenstaal) gemaak, dieselfde staal wat vir vliegtuie gebruik word, en jaag hy met 'n 2 liter-Opel Super Bosch.

Glen is ongetwyfeld 'n liefhebber van Midget-aksie op 'n gruisbaan; dís waar die drama en vaardigheid immers volgens hom lê. Dié voertuie kan tot 140 km/h in 'n 80 m-pylvak haal. "Dis vir manne met hare op hul tande," glo hy.

"En dan beter jy nie beheer verloor nie, want dan jaag jy in die muur rondom die baan vas, en dít gaan jou duur te staan kom!" kom die waarskuwing.

Glen het tien jaar lank ophou jaag om eerder op die administrasie en bestuur van die sport te fokus. "Maar nadat ek jare lank die baan vir ander mense reggekry het, het ek besluit om self weer te begin ry."

'n Jaar ná sy terugkeer tot aktiewe deelname, het Glen in 1997 SA kampioen geword en deurlopend goeie resultate behaal. Die titel span die kroon op 'n opwindende loopbaan wat nog glad nie einde se kant toe staan nie.

Glen, wat reeds WP-kleure as jaer verwerf het, is nie net as deelnemer by die sportsoort betrokke nie. In sy vrye tyd is hy promotor van die Tygerberg-renbaan in Kraaifontein, waarheen Kaapse ovaalbaan-motorwedrengeesdriftiges stroom om die gruisbaanaksie gade te slaan.

Hy het ook WP-kleure vir sy administratiewe diens verwerf, en dien onder meer in Motorsport SA se Nasionale Ovaalbaanrenkommissie.

- ENGELA DUVENAGE

# WIE, WAT EN WAAR?



### AFRICAN LASER CENTRE-KURSUS LOK WETENSKAPLIKES OOR VASTELAND

Navorsers van verskeie Afrika-lande het vir 'n intensiewe, week lange African Laser Centre- (ALC) laserkursus in Stellenbosch byeengekom. Die kursus is onder die vaandel van die ALC deur dosente van die Instituut vir Lasernavorsing (ILN) van die Universiteit Stellenbosch (US) se Departement Fisika aangebied, en was gemik op wetenskaplikes wat in hulle nagraadse navorsing lasers gebruik, maar geen formele onderrig daarin ontvang het nie. Onder diegene wat die geleentheid bygewoon het, was prof Erich Rohwer, Direkteur van die ILN, mnr Milohum Mikesokpo Dzagli van die Universiteit van Lomé in Togo, me Esther Mathope van die Universiteit van Johannesburg, en die kursusorganiseerder, prof Piet Walters (ILN).



### PROF MICHAEL CHERRY LEWER INTREEREDE

Prof Michael Cherry (middel) het sy intreerede op 14 Februarie gelewer. Die tema van sy intreerede was "Mate Choice, Genes and Immunocompetence". Hier is hy saam die Viserektor: Onderrig, prof Magda Fourie (links), en die Interim Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, prof Doug Rawlings. *(Martin Viljoen)*

### USBD KON SLANGE VANG!

Die beheerkantoor op Tygerbergkampus is onlangs deur 'n student ontbied om 'n 'glibberige oortreder' uit die Meerhof-woonkompleks te verwyder. Die oortreder, 'n geelslang – een van die giftigste slange in die Wes-Kaap – is deur 'n dapper mnr Willem Burmeister, patrolliebeampte van US Beskermingsdienste op Tygerbergkampus, agter 'n vrieskas vasgekeer, met 'n besem en mop opgetel en lewendig by die koshuis uitgedra. Die slang is daarna aan plaaslike natuurbewaringsbeamptes oorhandig.





### PROFESSOR VIR SABBATSVERLOF NA MAX PLANCK

Sisteembioloog, prof Johann Rohwer, van die US se Departement Biochemie het pas na Duitsland vertrek om danksy 'n toekenning van die Alexander von Humboldt-stigting vanjaar aan die toonaangewende Max Planck Instituut vir Molekulêre Plantfisiologie navorsing te doen. Verskeie US-personeellede het oor die jare al ruim baat gevind by die internasionale navorsingsgeleenthede wat deur dié stigting in Duitsland moontlik gemaak word. Danksy hierdie navorsingsgeleentheid, sluit prof Rohwer hom nou by 'n wêreldwye ondersteuningsnetwerk van sowat 23 000 oud-Humboldtiane aan. Prof Rohwer span wiskundige teorie en rekenaarmodellering in om die beheer en regulering van sellulêre prosesse in veral plante te verstaan. *(Engela Duvenage)*

2de jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer Konferensie
20 & 21 Mei 2008
Stellenbosch Universiteit
Protea Hotel, Technopark, Stellenbosch
Sluitingsdatum vir abstrakte: 7 Maart 2008 • Webadres: www.sun.ac.za/sotl • E-posadres: sotl@sun.ac.za

Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 20 Maart 2008

**Redakteur:** Lynne Rippenaar
**Bladontwerp:** Heloïse Davis
**Drukwerk:** African SUN MeDIA
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 808 4851, faks: 808 3800, e-pos: lynnr@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY